# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 21 SEPTEMBER 2025

**VYFTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***SINODALE DEUROFFER***
***BID ONS VIR FAMILIES EN VERAL VIR KINDERS***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 146; Amos 6:1a, 4-7;**
**1 Timoteus 6:6-19; Lukas 16:19-31**

| **SONDAG, 21 SEPTEMBER** |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – ds Hannes Burger<br>Doop<br>Kleuter- & Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Durbanville Kinderhuis<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br><br>**Na afloop van die oggenddiens**<br>• Senior Kategese<br>• Gemeentetee in saal |
| **MAANDAG, 22 SEPTEMBER** |
| 19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 23 SEPTEMBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 24 SEPTEMBER** |
| **ERFENISDAG** |
| **DONDERDAG, 25 SEPTEMBER** |
| **Sopbeurte**: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier, Kotie Jonas, Marietjie Basson |

| VRYDAG, 26 SEPTEMBER |
|---|
| |
| **SATERDAG, 27 SEPTEMBER** |
| |
| **SONDAG, 28 SEPTEMBER** |
| SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>POSDAG<br>BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Kleuter- & Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br><br>**Na afloop van die oggenddiens**<br>• Senior Kategese<br>• Gemeentetee in saal |

# GEMEENTENUUS



1. André Rogotta (Zevenzicht) het die afgelope week 'n knievervanging operasie ondergaan.
2. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Christo en Marie Nieuwoudt vanaf Stellenberg
3. Bokkie Geyer (Othello) het slegte nuus oor sy gesondheid ontvang.
4. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
   Muller van Niekerk, seuntjie van Christie en Anesca van Nierkerk. Chris en Riana van Niekerk is die grootouers.
5. Anna van Wyk (Bottelary) het goeie nuus oor haar gesondheid ontvang.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



21/09 Marietjie Mostert, Francois van Eeden, Bettie van Zyl, Renier Wessels
22/09 Annelie Marais, Rassie Visser, Ané Botes, Annie Erasmus
23/09 Gertruid van Jaarsveld(87), André Schreuder, Bianca du Toit
24/09 Johan Nel, Janita Brits, Jacques Pienaar
25/09 Marcelle Schreuder, Celésti van Zyl, Leeanne de Wit, Janelle Smit, Jandré Swanepoel, Elzaan du Plessis, Mariana Rosenbrock
26/09 André Smuts, Gerhard Swart, Jannie Carstens(86), Amia Bartin
27/09 Wynand Deysel, Danie Bruwer, Nora van der Merwe, Jorina Botha, Robert van Eenden

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris is tans met Sabbatsverlof tot 7 Okt 2025.
2. Huis de Kuilen bied op 23 September 2025 ‘n spesiale geleentheid aan met gaspreker Prof Dana Niehaus wat gaan gesels oor Alzheimer en die impak daarvan. Sien kennisgewingborde vir meer inligting.
3. Moedergemeente bied op 3 Oktober 2025 ‘n Lente-ete aan, sien kennisgewingborde vir meer inligting.
4. Pastorale sorg kurses, 15 Oktober tot 10 Desember 2025, word aangebied by Brackenfell Wes. Sien kennisgewingborde vir meer inligting.
5. Dana de Waal, De Eike se eerste orrelis kuier in Suid Afrika en gaan volgende Sondag die orrelis tydens die erediens wees.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Durbanville Kinderhuis**

Durbanville Kinderhuis bied residensiële versorging aan sorgbehoewende kinders buite die gesinsomgewing. Die programme is daarop gefokus om die kind te beskerm, te versorg en te ontwikkel binne ’n terapeutiese omgewing. Die kinders is fisies en/of emosioneel mishandel en die pad na herstel is moeilik en langsaam. Die gesin of familie van die kind word gesien as deel van die behandelingsplan van die kind. Die personeel bestaan uit kinderversorgers, maatskaplike werkers en ondersteunings-personeel en hulle word bygestaan deur ander professies soos verpleegkundiges, opvoedkundiges, arbeidsterapeute en sielkundiges om ’n holistiese diens aan die kind te lewer. Die sentrum maak ook baie staat op vrywilligers om te help met skoolwerk, logistiek en fondswerwing.

Donateurs en vrywilligers word vir ondersteuning gevra aangesien die diens intensief en duur is. Bid asseblief vir die kinders en hul families en ook vir die personeel en vrywilligers vir elkeen se rol.

**Durbanville Kinderhuis (Durbanville)** Bestuurder **|** 021 975 6822 **|**
bestuur@durbanvillekinderhuis.org.za
Webwerf: https://durbanvillekinderhuis.org.za/af/afrikaans

# HULP MET SOPKOMBUIS

Na die afsterwe van Miems Myburgh wat vir jare De Eike se Sopkombuis koördineerder was, is ons dringend op soek na lidmate om hiermee behulpsaam te wees.

Van die take sal deur die kerkkantoor se personeel oorgeneem word, maar ons benodig lidmate wat beskikbaar is om op ‘n Donderdag oggend die sop warm te maak.

Die kerk se kombuis is beskikbaar as jy dit nie by jou eie huis wil doen nie.

Tans is daar 3 dames wat op rotasiebasis gaan help. Indien nog helpers na vore kom, sal elkeen minder gereeld aan diens wees.

Indien die Here dit op jou hart druk om hierdie liefdeswerk te doen, kontak gerus die kerkkantoor.

# BEROEPING VAN LERAAR

Tydens die spesiale beroepingsvergadering van 17 September 2025 is ds Adriaan Vogel, tans voltydse leraar van NGK Daniëlskuil, beroep as voltydse leraar na NGK Kuilsrivier-De Eike gemeente.

# WATERVERF EN WYN MET WILLIE 2



# BRACKENFELL-WES KERKBASAAR




# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 19 Oktober 2025 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 13 Oktober 2025, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

Kuyper Albertyn
Ruald Coetzee
Divan Du Plooy
Barend Geldenhuys
Enrich Koch
Laurence Müller
Ruhan Smuts
Bea Swart
Xandri Westenberg

Marius Coetzee
Jean De Villiers
Rico Esterhuyse
Janno Jonas
Dianke Mulder
Ciska Myburgh
Suné Strydom
Rossouw Swart

# PREEKSKETS - SONDAG

**TEMA – GOD OPENBAAR HOMSELF IN JESUS**



**Prediker**: Ds Hannes Burger

**Skriflesing:** Heb. 1:1-4, 12

**God praat op dikwels en op baie verskillende maniere met ons**.

- Die hele Bybel vertel hoe God met ons moeite maak.
- Dit begin al met Adam en Eva.
- En met Abraham, en Moses, en so dwarsdeur die Bybel.
- En Hy doen dit op baie verskillende maniere!

1. **Tot vandag toe, praat God elke dag op duisende maniere met jou.**
    - Soos deur die natuur, byvoorbeeld.
    - Daar is geen verskoning is vir enigeen wat nooit gehoor het nie.

2. **Die Hoogtepunt in God se kommunikasie**
    - Maar die hoogtepunt is toe sy Woord mens geword het...
    - Nou hoef ons net na Jesus te luister, om God te hoor.
    - En bo-op dit alles, breek Pinksterdag toe aan.

3. **Volmaakte kommunikasie**
    - Na Pinkster hoef God nie eens meer hoorbaar met jou te praat nie.
    - Want Hy woon self deur sy Gees binne-in jou!
    - En God praat deurentyd met jou.
    - Ook vanoggend deur die doop.

Mag ons oë en ons ore vanoggend wyd oop wees.